

# Woensdag 29 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 14

Fokusgedeelte: Openbaring  
14:19

## **Die oordeel van die Here oor die ongelowiges is woes!**

*En die engel het sy sekel oor die aarde laat gaan en die wingerdstok van die aarde afgeoes en dit gegooi in die groot parskuip van die grimmigheid van God (Op. 14:19, 1953-vertaling).*

Let fyn op na die beskrywing van wat gebeur: Die engel laat sy sekel oor die aarde gaan – nie deur die wingerd nie! Die hele wingerdstok word afgeslaan – nie net die trosse nie. Die beeld is dus: algehele vernietiging. As die trosse afgeoes sou word, sou die wingerd volgende seisoen weer vol trosse hang. Die Here verwoes die hele druiweboom en sy hele toekoms! Daar groei nooit weer iets uit hierdie wingerdstok uit nie.

Die werklikheid is dus dat die Here met die eindoordeel die hele goddelose wêreld vir ewig vernietig. Dit kom sterk uit in die woorde: *gegooi in die groot parskuip van die grimmigheid van God*. Die vernietiging word sterk uitgedruk deur die woorde: *gegooi* en *grimmigheid*, en *getrap* en *bloed* (die laaste twee woorde in die volgende vers).

So word die wrekende geregtigheid van God beskryf.

*Sing: Psalm 38-1:1, 17*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*